So is ons verraai (15)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (6)

Die ekonomie van apartheid: agtergrond, wit besteding op swartes en swart inkomste gedurende apartheidsjare (vervolg)

Weens die faktore in die vorige aflewerings genoem, het Boere-Afrikaners op grondvlak 'n aansienlike las aan befondsing van die swart sosio-ekonomiese ontwikkeling en die ontwikkeling van hele state vir elk van die swart etniese groepe gedra. Selfs toe die nie-blanke belastingbydraes tot Apartheid Suid-Afrika in die 1980's sy hoogtepunt bereik het, het die blankes steeds sowat 92% van alle Suid-Afrikaanse belastings betaal (*Financial Mail, 11 November 1987; Vaqué: 19*). Wit Suid-Afrikaners was dus vir alle praktiese doeleindes die enigste donateurs vir swart ontwikkeling. Gedurende die 1980's het die Internasionale Monetêre Fonds bereken dat witmense in Suid-Afrika ongeveer 32% van hulle inkomste aan belasting betaal het, waarvan slegs 9% na hulleself in die vorm van dienslewering teruggekom het (*Giliomee –"The Afrikaners": 601*).

Die omvang van hierdie blank-befondsde poging tot nie-blanke ontwikkeling word verder in die ondergenoemde feite en statistieke weergegee (al die aangetekende geldwaardes is soos dit op daardie tydstip was, tensy anders vermeld):

Behuising

i. Tussen 1952 en 1956 het die Regering £16 000 000 aan swart behuising rondom blanke stede en dorpe bestee, en teen 1954 was daar 120 000 huise gebou (wat aan minimum kwaliteitspesifikasies voldoen het). Teen 1963 het dit na 170 000 eenhede teen 'n koste van R134 000 000 vermeerder; en teen 1972 na meer as 300 000 eenhede teen 'n koste wat R350 000 000 te bowe gegaan het (ongeveer 700 000 000 VSA Dollar in daardie stadium). Dit was een van die grootste behuisingsprojekte in die ganse Suidelike Halfrond (*Departement van Inligting: 60*).

ii. Groot getalle spesiaal opgeleide en goed betaalde swart bouers het hierdie projekte uitgevoer, en met verwysing na die latere swak bouwerk van die ANC se "RDP-program" het die AZAPO-leier M. Mangena uitgeroep "Verwoerd built better houses" (*Citizen, 22 Maart 2010*).

iii. Teen die negentien-sewentigs was Soweto (wat aan die wêreld voorgehou is as die simbool van swartes se lyding aan die hand van wit onderdrukkers) 'n plek wat radikaal verskil het van sy propaganda-beeld, en trouens in 'n gans ander klas as die krotbuurtes waaruit meeste van die "bevryde" Afrika se stede en dorpe bestaan. Soos elders in die wêreld, het Soweto natuurlik sy krotbuurte gehad, maar die meeste van sy huise was middelklas wonings. Ander was luuks

© 2020

en talle daarvan, waarvan die inwoners dikwels selfgemaakte miljoenêrs was, het om en by ’n $100 000 gekos (*Vaqué: 40*). Die maandelikse huur vir middelklaswonings — wat swaar deur die regering gesubsidieer is — was R5.80 (in daardie stadium minder as 11 VSA Dollar (*Gann & Duigan: 73*). Teen 1976 het Soweto ’n bevolking van ongeveer een miljoen swartes gehad; en bo en behalwe ander fasiliteite, 102 voetbal- en ander sportvelde, 3 groot en 3 kleiner sportstadions, 42 tennisbane, 2 fietsrybane, 2 gholfbane, boks-, gewigoptel en gimnastiek oefensale, verskeie swembaddens en biblioteke, 39 speelparke vir kinders, rolprentteaters, musiek-, kuns- en handwerk-akademies,102 restourante, ’n geraamde minimum van 2 000 kleinhandel- en ander besighede, 167 kerke, meer as 130 skole vir 100 000 leerlinge, verskeie tegniese kolleges en 12 mediese klinieke (*Bristow, D. & Motjuwadi, S.: 54-59; Ensiklopedie van die Wêreld Vol. 9: 206; Departement van Inligting: 60*).

iv. Die voorsiening van behuising het dikwels gepaard gegaan met die opruiming van krotbuurtes en die hervestiging van die inwoners in ander woonbuurtes met ’n homogene rassesamestelling. Dit het tot ’n eindelose gesnater teen “gedwonge verskuiwings” gelei, sonder dat dit die anti-apartheid opruiers hoegenaamd getraak het dat die inwoners in verreweg die meerderheid gevalle na georganiseerde, skoon behuising, baie beter sanitêre toestande en munisipale dienste (hoofsaaklik op die blanke belastingbetaler se koste) verskuif is.

v. In elk geval is baie blankes op dieselfde wyse tydens die opruiming van krot woonbuurtes na ander woongebiede verskuif (*Mulder & Cruywagen: 148*).

vi. Hierdie geweldige behuisingsprogram *buite* die tuislande het vanselfsprekend ook gepaard gegaan met voorsiening van behuising *binne* die verskillende tuislande. Die wit regering het tussen 1962 en 1972 nie net die bou van meer as 100 000 huise befonds nie, maar uiteindelik dosyne nuwe dorpe daar binne gevestig.

vii. Danksy (onder andere) hulle kleiner bevolkings, was die behuisingsituasie van die Indiërs en Kleurlinge nog beter as die van die swartes. Om die waarheid te sê, was die Indiërs in Suid-Afrika se lewenstandaard gedurende apartheid hoër as die van Indiërs elders in die wêreld, insluitend hulle eie land van oorsprong, waar die helfte van Indië se bevolking in 2013, nog geen toegang tot toilette gehad het nie (*Mail & Guardian, 19 Julie 2013:12*).

© 2020